**16 Augustus**

**Skrifgedeelte: Markus 2:13-22**
**Fokusgedeelte: Markus 2:15**

## Christus maak bemoeienis met sondaarmense

Die roeping van Levi (Matteus) as een van Jesus se dissipels vind op ’n baie verrassende en merkwaardige wyse plaas. Jesus gaan by die tolhuis verby, sien daar die tollenaar, Levi, en roep hom om Hom te volg. Levi staan onmiddellik op en volg vir Jesus.

Hierna volg ’n ete in die huis van Levi. Jesus, sy dissipels en talle tollenaars en sondaars was by die ete teenwoordig. Saam aan tafel geniet hulle ’n feesmaal. Om saam met ander aan tafel te sit, was in die Joodse tradisie ’n teken van vriendskap en lewensgemeenskap. In die oë van die Fariseërs was dit totaal en al verbode om saam met tollenaars en sondaars ’n feesmaal te hou. Die tollenaars en sondaars is as “onreines” beskou, omdat hulle nie die wet soos die “reine” Fariseër gehou het nie. Die Fariseërs sou in hoogmoed by hulleself redeneer: “Hoe kan Jesus aan tafel sit saam met ’n klomp tollenaars en sondaars? Hoe kan Hy, wat Homself die Messias noem, enigsins met hulle meng, met hulle vriendskaps- en lewensbande vorm?”

Met hierdie daad van Jesus Christus beleef ons die genade van God. Christus het nie na die wêreld gekom vir die gesondes nie, maar vir die siekes – vir dié wat behoefte en begeerte het om in lewensgemeenskap met Hom te wees. Die Fariseërs het dit beslis nie gehad nie. Die sondaars en tollenaars het ’n behoefte om deur die Verlosser aangeraak te word. Christus maak nie soos die Fariseërs wat die sondaars veroordeel en afskryf nie. Nee, in genade sien Hy hulle aan en bedien aan hulle die lewende brood en lewende water.

Op hierdie wyse het Christus ook met jou en my, sondaarmense, bemoeienis gemaak. Hy skryf ons nie af nie. Hy veroordeel ons nie, maar bedien ons met die maaltyd van die ewige lewe. Dit het ons ten sterkste en diepste beleef toe Hy aan die kruis vir ons sondes gesterf het.

Hoe kyk ons, as geroepenes wat die brood van die lewe moet bedien, na die wêreld rondom ons? Staan ons, soos die Fariseërs, veroordelend teenoor diegene wat nog nie die Here ken nie en ’n ernstige behoefte na Hom het? Of is ons bereid om soos Christus uit ons gemaksone te gaan, bemoeienis te maak met hulle wat nie die Here ken nie en Christus aan hulle te bedien? Mag die Here deur sy Heilige Gees ons hierin leer en lei!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3*

*Ds. W (Wilhan) Jobse (Jeffreysbaai)*